The background to transformation p3


# Die Matie

ONAFHANKLIKE STUDENTEKOERANT VAN DIE UNIVERSITEIT VAN STELLENBOSCH SEDERT 1941

INDEPENDENT STUDENT NEWSPAPER OF THE UNIVERSITY OF STELLENBOSCH SINCE 1941


Wat sê die huidige statuut? p4


GRATIS OP KAMPUS VERSPREI | SPESIALE UITGAWE | WOENSDAG 3 MAART 1999


# Statuut-krisis: SR stel voorwaardes aan Raad

Deon Wiggett

DIE SR het 'n reeks "verwagtings" aan die Uitvoerende Komitee (UK) van die Universiteitsraad gestel, waarvolgens hulle sal oordeel of hulle wel aan die statuut-proses sal deelneem.

Dit volg op 'n week van beroering op kampus nadat *Die Matie* verlede week die krisis rondom die universiteit se Institusionele Statuut onthul het. Die SR het oor die afgelope week telkens die moontlikheid bespreek om geheel en al uit die proses te onttrek.

Luidens 'n brief wat die SR aan die UK gerig het, sal hulle hul deelname aan die proses moet "heroorweeg" indien hul verwagtinge "nie realiseer nie".

Die verwagtinge van die SR is soos volg:

- dat die raadsvergaderings ter bespreking van die nuwe statuut nie geslote sal wees nie;
- dat die rektor, prof Andreas van Wyk, teen Dinsdag studente in 'n oop vergadering sal toespreek aangaande die skryf van die statuut, en tyd vir bespreking sal toelaat;
- dat die konsepdokument wat deur mnr Werner Vermaak geskryf is, so gou moontlik bekend gemaak sal word;
- dat geskrewe opgaaf van redes verskaf sal word wanneer enige insette tot die nuwe statuut, gemaak deur lede van die studentegemeenskap, nie ingesluit word in die finale dokument nie;
- dat die beraad ter bespreking van 'n konsepdokument, saamgestel deur onafhanklike samestellers, so oop en inklusief moontlik sal wees;
- dat die finale dokument ná goedkeuring deur die raad, en voor dit aan die Departement van Onderwys voorgelê word, onmiddellik aan die publiek beskikbaar gestel sal word; en
- dat die onafhanklikheid van die persone wat aangestel word as samestellers van die konsepdokument deur die SR geëvalueer sal word en derhalwe die SR se houding jeens die proses sal bepaal.

Geo Quinot, SR-lid vir SPOG, het tydens die vergadering dié brief aan die raad ten sterkste teengestaan.

Die voorstel vir die proses, wat Maandag voor die UK van die raad gedien het, is dat die universiteit drie onafhanklike kenners van buite die universiteit sal aanstel. Dié drie sal voorleggings ontvang vanaf alle belanghebbers in die proses, waarna hulle 'n finale verslag aan die buitengewone sittings van die raad en die Senaat sal voorlê. Die raad sal, na goedkeuring, die statuut na die Departement van Onderwys stuur.

Teen druktyd Dinsdagoggend was dit nog nie bekend of dié voorgenome prosedure deur die UK goedgekeur is nie.

## US het geen kommentaar

Die universiteit kon teen Maandagaand nog nie kommentaar lewer nie. Volgens mnr Kobus Visagie, senior direkteur: Bemarking en Kommunikasie, het die UK op Maandag se vergadering die SR se verwagtinge uitvoerig bespreek. Prof Serf Kritzinger, Registrateur van die universiteit en sekretaris van die UK, het opdrag gekry om 'n reaksie op die verwagtinge te formuleer. Dit sal uitgereik word na goedkeuring deur die rektor as voorsitter van die UK.

Visagie het gesê die universiteit kan op hierdie stadium, weens die sensitiwiteit van die aangeleentheid, nog geen kommentaar lewer nie.

Die reeks verwagtings wat deur die SR aan die UK gestel is, volg op 'n vergadering Maandagmiddag met die rektor. Die SR het aanvanklik daarop aangedring dat dié vergadering 'n oop vergadering is. Die rektor het egter, by monde van prof PG du Plessis, hoofdirekteur: Studentesake, geweier om só 'n vergadering by te woon.

Op 'n noodvergadering van die SR Maandagmiddag is daar na intense debat besluit om wél 'n geslote vergadering in die rektoraat, in plaas van 'n oop vergadering in die SR-raadsaal, by te woon. Peggy le Roux, SR-lid vir Akademiese Belange, het haar sterk teenkanting oor dié stap uitgespreek.

Die vergadering tussen die rektor en die SR is belê nadat die rektor Donderdagmiddag geweier het om verder in gesprek te tree met die Uitvoerende Komitee van die SR (sien aparte berig).

Die SR het in die afgelope week vier noodvergaderings gehou. Op 'n vergadering verlede Woensdagoggend is daar saam met die primkomitee besluit om 'n ultimatum aan die raad uit te reik, waarin voorwaardes vir deelname aan die proses gestipuleer word. Dié ultimatum is uitgestel tot na die vergadering van die SR-UK met die rektor.

Na die rektor se weiering om met die UK in gesprek te tree, is daar op 'n noodvergadering besluit om wel eergister met die rektor te vergader. Verdere noodvergaderings is gehou om die rektor se weiering tot 'n oop vergadering te bespreek en om die sewe verwagtings van die SR te formuleer.

Die krisis om die statuut, wat basies die "bestuursreëls" van die universiteit moet spesifiseer, gaan daarom dat die universiteit oor minder as twee weke (15 Maart) 'n statuut by die Departement van Onderwys moet inlewer, waarin die samestelling en funksionering van die raad, die Senaat en die te stigte Institusionele Forum gestipuleer moet word. Die SR het beswaar aangeteken teen die "absolute vertroulikheid" waarin die proses tot verlede week gehul was. Wynoma Michaels, SR-voorsitter, het vroeër aan *Die Matie* gesê sy sal voortgaan om haar "walging en teleurstelling" in die proses uit te spreek.

Luidens 'n persverklaring wat die naweek deur die SR uitgereik is, het hulle die steun van die primkomitee en die Verenigingsvoorsitterkomitee gekry in hul aksies. Die Verenigingsvoorsitterkomitee het oor die naweek sy eie persverklaring uitgereik.

## Prims "nie eienaarskap"

In 'n verdere ontwikkeling het André Claassen, voorsitter van die primkomitee, na 'n geslote vergadering Maandagaand tussen dié komitee en die rektor, gesê die primkomitee "nie huidiglik eienaarskap neem van die SR se sewe verwagtinge nie". Die primkomitee sou gisteraand finaal oor die aangeleentheid besluit, waarna hul uitsluitsel oor die kwessie op gisteraand se SR-vergadering sou gee.


Intussen het die IF Beraad eergister óók 'n voorstel oor die statuut aanvaar. Hiervolgens sal die IF Loodskomitee saam met twee onafhanklike regsgeleerdes na voorleggings van belangegroepe luister en dan dié voorgestelde statuut aan die raad voorlê. Die twee regsgeleerdes sal aangestel word deur prof James Fourie, dekaan van die Fakulteit Regsgeleerdheid, luidens die voorstel.

Teen druktyd was dit nog onbekend waar dié voorstel binne die huidige raamwerk inpas.

Foto: John-Henry Horn



Die SR stap uit Admin B ná hul vergadering met die rektor. Heel voor loop Nicky Loubser en Geo Quinot.



Die SR in die raadsaal gedurende een van hulle vier noodvergaderings

## Rektor weier om met SR se UK te praat

DIE REKTOR, prof Andreas van Wyk, het verlede Donderdagmiddag geweier om in gesprek te tree met die Uitvoerende Komitee van die SR.

Dit volg op uitlatings deur Wynoma Michaels, SR-voorsitter, in die vorige uitgawe van *Die Matie*, sowel as vermeende "onetiese optrede" deur Peggy le Roux, SR-lid vir Akademiese Belange en lid van die UK.

Die UK het verlede Donderdagmiddag 'n vergadering met die rektor gehad om die krisis oor die Institusionele Statuut te bespreek. Van Wyk het gedurende die ontmoeting gesê dat hy alle vertroue in Michaels en Le Roux verloor het.

Hierna het hy die UK aangesê om sy kantoor te verlaat.

Gedurende Vrydagoggend se noodvergadering het die SR hul voortgesette steun vir die UK verklaar. Talle lede, waaronder Gawie Malherbe, SR-lid vir Media, en Kabous Meiring, SR-lid vir Kultuur, het ook hul verontwaardiging daaroor uitgespreek dat die rektor homself die reg toeëien om te besluit oor die legitimiteit van die UK, aangesien die UK met 'n mandaat van die hele SR optree.

Van Wyk het gedurende die vergadering met die UK aan Michaels gesê dat hy beledig voel oor haar opmerkings in die vorige uitgawe van *Die Matie*, waarin sy haar bedenkinge oor die effektiwiteit van studenteverteenwoordiging op universiteitstrukture uitspreek.

Hy het Le Roux daarvan beskuldig dat sy oneties opgetree het in gesprekvoering met mnr Werner Vermaak, hoof van die universiteit se regsdienste, wat besig is om op versoek van die rektor aan 'n weergawe van die statuut te skryf. Le Roux het na 'n gesprek met Vermaak aan *Die Matie* gesê dat Vermaak besig is met die opstel van sy eie weergawe van die statuut.

Volgens Van Wyk sukkel Le Roux blykbaar om afstand te doen van haar "voormalige redaksionele posisie" deurdat sy inligting oor haar gesprek met Vermaak aan *Die Matie* verskaf het. Le Roux was voorheen nuusredakteur van *Die Matie*.

In reaksie hierop het Le Roux gesê dat sy Vermaak telkens daarop gewys het dat sy haar gesprek met hom nié as vertroulik beskou nie, en by navraag inligting aan die media sal verskaf.

*Die* **Matie**

**SPECIAL EDITION · 3 MARCH 1999**

### Special edition

This edition is an attempt to clarify the controversy surrounding the drafting of the Institutional Statute. Much has happened in the past week that needs to be conveyed. This is a representation of the situation at the time of going to press.

### A matter of principle

The occurrences of the past week are not isolated incidents, but symptoms of a larger problem. It is not about the rector having a statute written behind closed doors. It is not about the rector refusing to speak to the elected executive of the SRC. It is not about the rector laying down the rules of the game when meeting with the SRC (and the SRC always willing to play along). The controversy surrounding the Institutional Statute is, yet again, partly the result of a lack of communication from management as well as a disregard for basic principles such as transparency, public accountability, democratisation, equity, redress and efficiency.

Even when the rector eventually met with the SRC and answered their questions on clarification of the process, the answers seem to have been evasive and not completely satisfactory.

The process was not commonly known, as Prof van Wyk suggests. This was clearly demonstrated as events unfolded since last Wednesday. The way in which the confidential process became known might not be ideal, but had it not happened, it is an open question whether the process would have allowed for meaningful submissions.

### Editorial team

The following people contributed to this special edition: Michael Hatton, Frank Olivier, Anelde Greeff, Deon Wiggett, Waldimar Pelser, John-Henry Horn and Danie Smit.

'n Volledige uitgawe van *Die Matie* verskyn volgende week op 10 Maart. Briewe en ander bydraes moet ons teen Vrydag 5 Maart bereik en kan gerig word aan diematie@renet.sun.ac.za.
Tel: 808-3539 · Faks: 808-3538

## Ander benadering tot proses genoodsaak

Volgens die Wet op Hoër Onderwys van 1997 moet alle hoër onderwysinstellings teen 18 Junie 1999 hulle statute wysig om aan die bepalings van die Wet te voldoen. Vanweë die algemene verkiesing in die tweede kwartaal, het die Departement van Onderwys vesoek dat net dié dele wat handel oor die Raad, Senaat en die Institusionele Forum voor 18 Junie 1999 gewysig moet word. Gevolglik het die Departement van Onderwys in Februarie 1999 'n versoek gerig om voorstelle vir wysigings tot die Institisionele Statuut wat handel oor die samestelling van die Raad, die Senaat en die Institisionele Forum teen 15 Maart 1999 in te handig.

Die Raad van die Universiteit het reeds in Desember 1997 besluit om 'n Institisionele Forum (IF) tot stand te bring wat sou dien as 'n meganisme om die breë universiteitsgemeenskap te betrek by besluite oor onder andere sake soos 'n nuwe Institisionele Statuut.

Einde November 1998 het dit vir die Loodskomitee van die IF duidelik geword dat die IF nie betyds tot stand sal kom ten einde deel te kan neem aan die proses van die totstandkoming van 'n nuwe Institisionele Statuut nie. Die Loodskomitee het wel 'n poging aangewend om 'n alternatiewe meganisme te skep, maar dit het onlangs duidelik geword dat die Loodskomitee nie so 'n alternatiewe meganisme betyds sal kan ontwikkel nie. Hierdie omstandighede noodsaak 'n ander benadering tot die proses.

Professor Andreas van Wyk, Rektor en Visekanselier, het gevolglik 'n brief aan die hele universiteitsgemeenskap gestuur waarin hy versoek dat moontlike insette ten opsigte van wysigings aan die bestaande statuut voorberei moet word aangesien dit op redelike kort kennisgewing aangevra sal word.

In die brief word genoem dat die onderskeie bydraes deur 'n kundige en onpartydige proses verwerk sal word vir voorlegging.

Die proses waarna verwys word sal geïmplimenteer word, nadat dit deur die Uitvoerende Komitee (UK) van die Raad goedgekeur is. Die UK vergader Maandag 1 Maart 1999.

Voordat die voorstel vir 'n verkorte statuut aan die Minister voorgelë word, sal dit deur die Raad goedgekeur moet word. - *Uitgereik deur Bemarking en Kommunikasie op 25 Februarie 1999*

## Calls for a Broad Transformation Summit

TO DATE, two proposals have been made concerning ways to amend the University of Stellenbosch intitutional statute (composition and functioning of the Council, Senate and Institutional Forum) before the 15th of March 1999 deadline. The first, that proposed by the Rector, Prof AH van Wyk, has been widely rejected by the student body as too secretive and involving no real consultation.

The second proposal was made by the Institutional Forum Pilot Committee (IFPC). The IFPC (on its report) recommends that the IFPC itself discuss the amendments with Council. This process is also insufficiently representative: the IFPC consists of 18 people who are expected to represent the interests of stakeholders in the entire University community. This is not realistic for such a crucial issue as the amending the statute, nor does the IFPC have a mandate to carry out such discussions.

The Democracy Forum (DF) proposes that a Broad Transformation Summit - with the same composition as the Summit on the Establishment of an Institutional Forum at the Unirvesity of Stellenbosch - be called within the next week, to discuss the amendments to the statute. The Broad Transformation Summit would decide by consensus, and the Council, as a member of the Broad Transformation Summit, would be bound by that consensus.

This process would be sufficiently participatory and representative to get the job done satisfactorily.

A detailed proposal has been made to the Summit on the Establishment of an Institutional Forum at the University of Stellenbosch for today's meeting. - *Issued by the Democracy Forum on 1 March 1999*

## SRC expresses dismay in process

THE STUDENT Representative Council (SRC) of the University of Stellenbosch would like to express its strongest dismay in the process that the university has been following with regards to the Institutional Statute.

The university is required to submit a draft institutional statute to the Ministry of Education by 15 March 1999, dealing with the University Council, the Senate and the Institutional Forum. However, students were not notified of this until Tuesday (23 February 1999).


The SRC established last Friday (18 February 1999) that the university has been drafting its own draft of the statute. This was done by Mr Werner Vermaak, chief of the university's legal division.

The SRC objects strongly to the following aspects of the process:

1. The process of writing the statute has been fully confidential up to this point. At time of writing this release, the exact process to be followed was still not made known to the university community, including the Council and the Senate. Not only does this leave little over two weeks for the entire process to be completed, but the fact that the process is still not known exhibits a blatant disregard for principles like transparency and consultative university governance. Furthermore, because the process of writing the statute is still unknown, it further complicates participation in the process.

2. After considering the above factors, the time frame is still extremely problematic. It is ridiculous to expect of the entire university community to prepare submissions during a time frame of less than two weeks. Serious doubts are raised about the effectiveness of these submissions altogether, since there would be very little time to consider these submissions. Also, the impression persists that University Management is dragging its feet in approving and revealing the process. In fact, the process was still not revealed to the Senate on this afternoon's meeting (26 February 1999).

3. Suggestions are being made by University Management, especially in the person of Prof Andreas van Wyk rector and vice-chancellor, that students have been stalling the process of setting up an Institutional Forum (IF). The SRC dismisses this notion with the contempt it deserves. The SRC has been demanding the setting up of a transformation forum since 1996. Management only adhered to this demand when the Higher Education Act came into being at the end of 1997. It is preposterous to claim that students have been holding up the process.



**Wynoma Michaels, SR-Voorsitter**

In reaction to this crisis, the SRC has been seeking support from its constituents. The Prim Committee (compromising the primarii and primariae of all the residences on campus) and the Society Chair Committee (compromising the chairpersons of all registered student societies) share the SRC's drive to bring the process in line with principles acceptable to the student body.

The SRC refuses to rubberstamp a process it regards as illegitimate. After a meeting with the rector on Monday (1 March 1999), the SRC would decide on the appropriate steps forward.

It needs to be emphasized that the SRC will not be part of a process that undermines student representation in any way. - *Issued by the SRC on 26 February 1999.*

## Societies and the transformation process

STUDENT discontent at the University of Stellenbosch has ignited in the last week, following the revelation that senior members of the University management have been unilaterally preparing a new institutional statute without the knowledge or input of the University Council, the Senate, the academic staff, the technical staff, the support staff, the administrative staff and the entire student union. This files in the face of an established, broad-based process for setting up an Institutional Forum. This body – as yet unestablished – is a structure that the University Council is required to consult in implementing the Higher Education Act. The amendments to the institutional statute (covering the composition of the Council, Senate and the Institutional Forum) are key aspects of implementing the Act. Whilst senior management was participating in the process to set up this forum, they seem to have been at the same time preparing a statute on their own.

It appears to us that the rector, Prof AH van Wyk, seems to be condoning the forcing through of amendments to the statute without any real consultation of the University community. Some time next week the amendments prepared by members of senior management will possibly be made public, and members of the University community will have less than one week to consider amendments and make written submissions. These submissions will be handled by three – as yet unknown – "independent outsiders" – presumably chosen by management, who will draft a consolidated report and give that to the University Council. There seemingly will be no discussion – public or otherwise – of the amendments with any body other than the Council itself.

Students have been meeting and working around the clock to see how we can make some kind of worthwhile contribution to this key issues. However, since this issue came to our knowledge – and that not through an official statement – administration has failed to provide sufficient clarity on their proposed process. Not even the Division of Marketing and Communication, the voice piece of the University, has been able to provide the information we need. Press releases and statements to date have been confusing and unclear about when the deadlines are, and members of management have, from time to time, made statements about the legal framework which appear to directly contradict the Higher Education Act itself.

The amendments to the statute must be submitted to the Department of Education by 15 March. The University Council is only meeting on 15 March itself. Thus there can be no discussion of the Council's decision after the amendments have already been submitted to the Department of Education.

The Council will be forced to decide upon the restructuring of the Senate and of the Council itself, without the benefit of any real consultation in the university community. There is only one student representative on the Council, who is not guaranteed a seat or the right to vote. According to paragraph 14 of the current US Statute "…the council may decide that the member or members designated by such body may not attend a meeting of the Council in committee, and that the said member, or members, either shall have or vote, or may only vote in respect of certain matters." Not that this matters, as no one ever knows what happens at Council meetings, since they are *in camera* and confidential, and the student representative may not report back to the students they represent.

Stellenbosch has never had a Broad Transformation Forum, (a forum set up to democratise and adapt the university structures to South African and international realities), despite the entire student body backing such a structure since 1995. The University Council can thus be described as an untransformed body, which ironically enough, will decide upon its own transformation!

The reform of the Council is the key act of transformation at the University of Stellenbosch this year. Yet the Council looks set to decide without any real consultation with anybody at all. A dangerous precedent is set for transformation, that change can take place without any inclusive, participatory decision-making. Such change is not transformation at all. It is totally against the spirit of national education policy, against the spirit of the Constitution and against the spirit of modern South Africa. - *Issued by the student societies of the University of Stellenbosch on 26 February 1999.*

# Slow and painful: The background to an Institutional Forum

*In December 1997 the Higher Education Act came into effect. This act demanded some changes in the structure and management of universities – changes contained in the Institutional Statute of the university. What follows is a background to the current Stellenbosch situation and a comparison with that at other tertiary institutions.*

THE STATUTE, which regulates the everyday management of the university, has to be passed by parliament. By 18 June 1999 the 18 month period allowed for adaptation to the new Act will expire.

The process implies that the US has to submit a rewritten statute to the Department of Education by 15 March.

### Planned birth of our IF

One of the most important bodies required by the Act is an Institutional Forum (IF), which advises the Council on certain issues.

This is why an IF summit was convened at the US in May 1998. In October 1998 an Institutional Forum Pilot Committee (IFPC) was appointed.

This committee was instructed to make suggestions to the summit on the establishment of an IF at the US – a body which will play a role of great importance on our campus.

Firstly, it will be the first body which will allow meaningful representation to all interest groups on campus, all of whom will participate on an equal footing.

Secondly, it will be the first time that such a body can discuss important issues, as outlined in article 31 of the Act (see accompanying inset).

### Impasse and deadline

Unfortunately the IF pilot committee could not reach consensus on key issues, especially the nature of the advice the IF will give to the Council. The IFPC is deeply concerned about the restructuring of the Council and the Senate according to sections 27 and 28 of the Act. Since this is an extremely important aspect of the Institutional Statute, the ideal would have been to dicuss it on the (representative) IF. Establishment of the IF in time for the deadline on 15 March has, however, become virtually im-possible.



**Naudé de Wet at a recent meeting of the Student Alliance for Transformation (SAFT).**

Since late 1997 the university has conducted a planning exercise by means of the Strategic Planning Committee (SPC).

***the development of a culture of democracy, transparency and openness, [are] almost totally absent from the US.***

The SPC's focus was very different to that of Broad Transformation Forums (BTF's) at other universities. In most cases these forums initiated transformation on campus by restructuring the Council. This meant that the Council, as the highest decision-making body, could implement decisions relating to transformation at that university.

Decisions made by both a BTF or an IF has the advantage of being powerful and compelling, partly owing to broader participation.

### Divergent paths

Progress towards broad-based participation in decision-making at tertiary institutions has by no means been a uniform process in South Africa. The universities of Port Elizabeth, Witwatersrand and Cape Town led the way by establishing BTF's in 1993 and 1994.

***...growing distrust between sectors of the university community and its governing structures.***

The traditionally Afrikaans-speaking universities, the University of Pretoria, Potchefstroom University, Rand Afrikaans University and the University of the Free State, cautiously followed suit, the only exception being the US, where a different approach was followed.

These forums were the forerunners to the current IF's.

Throughout these processes it was of utmost importance to make the forums as representative as possible – a requirement which caused the process at other institutions to be arduous but dynamic.

Allowing for differences regarding the composition, functions and procedures of BTF's, these forums have generally facilitated the unification of institutional stakeholders' collective agendas, timetables and strategies of transformation, to prepare codes of conduct, agree on and implement dispute resolution procedures and draft new leglislation.

### Scepticism at the US

Crucial elements of similar developments elsewhere, such as the development of a culture of democracy, transparency and openness, are viewed by many campus figures as being almost totally absent from the US.

This could easily be perceived from the inside and outside of the university as being an attempt to maintain the *status quo*.

It is evident that the main difference between the current US situation and that of other tertiary institutions, is our lack of a BTF. This has resulted in valuable time lost and growing distrust between sectors of the university community and its governing structures.

The narrow time frame wherein the US now has to complete a process for which many institutions allowed a number of years, only accentuates the difficulties resulting from following a different process, and forcing such a process to a conclusion at such a late stage.

*–Compiled by Michael Hatton and Waldimar Pelser from the* Report of the Institutional Forum Pilot Committee regarding the establishment of an IF at the US *and an SRC information sheet addressed to prims.*

## The Forum and the Law

ARTICLE 31 of the Act has specific bearing on the establishment of an Institutional Forum (IF). According to the article, the Forum will function mainly in an advisory capacity, but is also responsible for the overall implementation of the Act and the entire national policy on higher education.

With regard to its primary purpose, the Act stipulates that the IF must advise the University Council on issues such as –

- race and gender equity policies;
- the selection of candidates for senior management positions;
- codes of conduct, mediation and dispute resolution procedures; and
- the fostering of an institutional culture which promotes tolerance and respect for fundamental human rights and creates an appropriate environment for teaching, research en learning.

The composition of such an Institutional Forum is also statutorily prescribed. It should, quoting the Act, "consist of representatives of –

- the management, as determined by the institutional statute or an Act of Parliament;
- the [university] council;
- the senate;
- the academic employees;
- the students; and
- any other category determined by the institutional statute." [article 31(2)]




# Wet en nuwe statuut moontlik in konflik

*Die kontroversie oor die proses waarmee 'n nuwe statuut vir die universiteit geskryf sal word, het vrae laat ontstaan oor wat presies in só 'n statuut bepaal moet word. Die Matie het ondersoek ingestel na die huidige statuut.*


Danie Smit

DIE REËLS waarvolgens die universiteit tans bestuur word, bestaan uit die Private Wet op die Universiteit van Stellenbosch (Volksraad), saamgelees met die 1992-statuut van die universiteit. Dít roep vrae op oor die bestaanbaarheid van die nuwe statuut – wat ingevolge die Wet op Hoër Onderwys (wet 101 van 1997) teen 19 Junie vir goedkeuring aan die Departement van Onderwys voorgelê moet word – met die Private Wet. Dié wet het kontroversie ontlok toe dit deur die destydse Volksraad goedgekeur is, omdat dit eksplisiet bepaal het dat die universiteit 'n Afrikaanstalige instelling is.

Die feit dat belangrike bepalings aangaande die bestuur van die universiteit in die wet vervat is, beteken dat die wet – wat as Parlementswet immers voorrang bo 'n statuut geniet – eers herroep moet word voor die statuut in werking gestel sal kan word.

Die Private Wet en die 1992-statuut bepaal dat die universiteit se dag-tot-dag-bestuur deur die Universiteitsraad hanteer word, terwyl die Senaat in die algemeen die laaste woord oor akademiese aangeleenthede het. Belangrike funksies, soos die aanstelling van die rektor en vise-rektore, wat *ex officio* lede van die raad is, word deur die raad – na oorlegpleging met die Senaat – verrig.

Die raad bepaal ook vir watter termyn dié amptenare aangestel word.



Andreas van Wyk, voorsitter van die Senaat

### Samestelling van die Raad

Lede van die raad word soos volg aangewys:
• Die rektor en die vise-rektore;
• Vier lede wat deur die Minister van Onderwys benoem word;
• Ses lede wat deur die Konvokasie ('n liggaam wat uit graduandi van die universiteit bestaan) aangewys word;
• Drie lede wat deur die Senaat (wat uit profesore asook sekere senior amptenare, twee mede-professore, twee lede van die dosentevereniging, die SR-voorsitter en die SR-lid vir Akademiese Belange bestaan) verkies word;
• Een lid wat deur die Stadsraad van die Munisipaliteit van Stellenbosch aangewys word;
• Drie lede wat deur die Donateurs ('n liggaam wat bestaan uit persone wat 'n sekere bedrag – wat van tyd tot tyd deur die raad bepaal word – tot die koffers van die universiteit bygedra het) verkies word;
• Een lid wat deur die Wes-Kaapse Provinsiale regering benoem word;
• Die voorsitter van die SR.

Die raad van die Universiteit bestaan dus altesame uit 22 lede, waarvan slegs een 'n studenteverteenwoordiger is. Die lede van die raad, met uitsondering van die rektor en vise-rektore, word vir 'n termyn van vier jaar aangestel.

Sewe lede stel 'n kworum daar en besluite word met 'n gewone meerderheid geneem. Waar daar 'n staking van stemme is, het die voorsitter 'n deurslaggewende stem.

Die voorsitter het betreklik baie mag – sy beslissing oor enige punt van orde of prosedure is bindend, tensy 'n lid onmiddellik daarteen beswaar maak, in welke geval dit sonder bespreking voorgelê word aan die vergadering, wie se beslissing finaal is.

'n Lid van die raad se lidmaatskap kan deur die raad beëindig word onder andere wanneer hy vir drie agtereenvolgende vergaderings sonder verskoning afwesig was, insolvent raak of skuldig bevind word aan 'n misdryf wat die raad as ernstig beskou, of weens gesondheidsredes onbekwaam word om sy amp na te kom.

### Samestelling van die Senaat

Die Senaat bepaal die vereistes vir die verwerwing van grade, diplomas en sertifikate. Dit hou ook toesig oor die afneem van eksamens en bepaal watter departemente daar in fakulteite moet wees. Dit stel ook dekane vir 'n tweejaartermyn aan.

Verder bepaal die statuut onder andere hoe die kanselier aangestel word en liggame soos die Donateurs, Konvokasie, fakulteitsrade funksioneer. Dit skets ook die prosedure vir die toekenning van eregrade en in breë trekke ook dié vir die toeken van gewone grade.

### Studentetug

'n Laaste kwessie wat ook deur die statuut reguleer word, handel met die kwessie van studentetugmaatreëls. Dit bepaal dat 'n student wat, na oordeel van die raad, 'n reël van die raad oortree het of wat hom by die universiteit só gedra dat hy die goeie naam van die universiteit of die handhawing van orde en dissipline benadeel, sy regte en voorregte as student ontneem kan word. Hy kan ook tydelik of permanent geskors word of 'n boete van hoogstens R4000 of 'n hoër bedrag wat die raad na oorleg met die senaat kan bepaal, opgelê word.



Desmond Smith, voorsitter van die Raad

# Kampuspolitiek vir beginners: wát al daardie vreemde name beteken

*JY STEL soveel belang in kampuspolitiek soos die volgende B.Rek-student. Daar is egter – helaas – heel party strukture op kampus wat jou wesenlik raak. Om jou te help deur hierdie doolhof (waar meeste van die liggame met die woord "institusionele" begin), hier is Die Matie se kitsgids tot moderne kampuspolitiek. Don't leave home without it.*

***UNIVERSITEITSRAAD:*** Ook genoem Die Raad. Die hoogste besluitnemende liggaam aan die universiteit. Geen bestuurskwessies word beslis sonder goedkeuring van die Raad nie.
***SENAAT:*** Hulle doen vir akademie wat die Raad vir bestuur doen.
***INSTITUSIONELE FORUM:*** Die Institusionele Forum (IF) is 'n liggaam wat tot stand moet kom kragtens die Wet op Hoër Onderwys van 1997. Die wet skryf voor dat dié forum die Raad oor alle beleidskwessies moet adviseer. Die universiteit het nog nie een nie. Maar ons probeer hard.
***INSTITUSIONELE FORUM BERAAD:*** Dit is hoe dit alles begin het. Die beraad moet die stigting van die IF goedkeur. Hulle wil nog nie. Maar hulle afgevaardigdes is die …
***INSTITUSIONELE FORUM LOODSKOMITEE:*** 'n Komitee van agtien mense (ses studente, ses bestuurslede, ses personeellede) wat moet samesprekings voer en voorstelle maak oor hoe die IF uiteindelik moet lyk. Hulle kon dit nie regkry nie – twaalf vergaderings ten spyt.
***INSTITUSIONELE STATUUT:*** Moet nou nie verward raak nie. Daar is 'n verskil tussen die Institusionele Forum en die Institusionele Statuut (hoewel nie een van hulle op die oomblik bestaan nie). Die Institusionele Statuut moet die bestuursreëls van die universiteit neerlê. Dit is die wortel van al die kwade gevoelens tans op die US kampus.
***REKTORAAT:*** Andreas van Wyk en sy maatjies. Die rektoraat bestaan uit die rektor en visekanselier (dieselfde persoon), prof Andreas van Wyk. Hy word bygestaan deur twee vise-rektore: prof Walter Claassen, vise-rektor (Akademies) en prof Rolf Stumpf, vise-rektor (Bedryf).
***STUDENTERAAD:*** Jóú stem op kampus. Die SR bestaan uit vyftien lede (elf direk verkose) wat niks anders as jou belange op die hart dra nie.